PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 3 van 2024

<u>AAN</u> : **ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE**

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

<u>SANLAM SE NUWE TOEPASSING (TOEP) VIR LEDE VAN DIE FONDS</u>

Sanlam stel ‘n nuwe toep aan lede bekend wat die vorige toep vervang. Die *MyRetirement App* word vervang met die nuwe en verbeterde *Sanlam Portfolio App*.

Hierdie opgradering verskaf ‘n soomlose en gebruikervriendelike platvorm wat lede toegang gee tot hul volle portefeulje van voordele. Die aanteken-besonderhede bly dieselfde wat hierdie toegang nog makliker maak.

Onthou dat lede hul begunstigde benoemings op hierdie platvorm kan opdateer en selfs hul beleggingskakels (*investment switches*) aanlyn kan doen.

Lede het ook toegang tot hul voordeelstate wat die druk van kantore wegneem om voordeelstate vir lede te kry.

Die volgende stappe wat werkgewers moet neem is om lede van hierdie opgradering in te lig. Lede kan die ou toep de-installeer (*uninstall*) en die nuwe *Sanlam Portfolio App* van *Google Play* of *Apple App store* aflaai.

Aangeheg is die oorspronklike Engelse kommunikasie van Sanlam.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH

PENSIOENFONDSBESTUURDER